Die Voortrekkers

Posbus 12924, Hatfield, 0028
Francis Baardstraat 990, Hatfield
Tel 012 430 3914
E-pos kantoor@transvaal.voortrekkers.co.za
https://transvaal.voortrekkers.co.za/

8 Augustus 2019

Gebiedsraad: Oproepbrief

Aan:

Gebiedsbestuurslede (Oordleiers en gebiedsdagbestuurslede)

Voortrekkerkommando's

Staatmakergroepe

Los Veldkornetskappe

Gebiedsjeugraad

Senior Verkenners

Die Voortrekkers Transvaal nooi alle afgevaardigdes van Voortrekkerbesture, soos waarna verwys word in Hoofstuk 23 van die reglemente, uit na 'n Gebiedsraad vergadering wat gehou sal word op **Saterdag 9 November 2019.** Kom kuier saam met ons en verneem die korrekte inligting insake die herstrukturering en die besef dat alle vrese ongegrond is!

Die Voortrekkers se grondwet bepaal in paragraaf 16 van Die Voortrekkers se grondwet: *Die Hoofbestuur groepeer Voortrekkerkommando's in gebiede en kan op eie inisiatief of op versoek 'n bestaande gebied in verdere gebiede verdeel of die grense van 'n gebied wysig met instemming van die betrokke gebiedsbestuur of gebiedsbesture, na gelang van die geval, en op sodanige grondslag as waarop die hoofbestuur en die betrokke gebiedsbestuur of gebiedsbesture besluit.*

Die Grondwet paragraaf 25.1.3 en die Reglemente Hoofstuk 23, par.3.3, bepaal die samestelling van die Gebiedsraad.

Gebiedsleier Zandra Machin
Gebiedsekretaris Elsa Schnetler
Adjunkgebiedsleiers Anita Bezuidenhout, Riaan du Preez, Anine Wheeler, Jaco van der Walt, Dirk van den Berg

Die Gebiedsraad (GR) word volgens die grondwet artikel 25.1.3 soos volg saamgestel:

3.3.1 Die lede van die Gebiedsbestuur (GB);

3.3.2 Een afgevaardigde van elke Staatmakergroep, Veldkornetskap los van 'n Voortrekkerkommando en Voortrekkerkommando met twaalf (12) tot veertig (40) lede, aangewys deur die Staatmakergroepdagbestuur, Veldkornetskaps- of Kommandobestuur;

3.3.3 Twee afgevaardigdes van elke Voortrekkerkommando met een- en-veertig (41) tot een honderd (100) lede, met een (1) bykomende afgevaardigde vir elke gedeelte tot volle honderdtal bo die eerste honderd (100) lede, aangewys deur die Kommandobestuur;

3.3.4 Die gebiedsjeugleiers van die gebied

3.3.5 Een (1) senior Verkenner afgevaardigde van Voortrekkerskommando's met meer as twaalf (12) Verkenners, aangewys deur Kommandobestuur;

3.3.6 Een (1) Staatmaker afgevaardigde van Voortrekkerkommando's met meer as twaalf (12) Staatmakers, aangewys deur Kommandobestuur;

3.3.7 Ander lede van Die Voortrekkers en ander persone wat die gebiedsdagbestuur besluit het om in raadgewende hoedanigheid uit te nooi.

Die samestelling van die gebiedsbestuur ingevolge hoofstuk 23 is as volg:

4.1.1 Die lede van die gebiedsdagbestuur wat nie meer as vyftig persent (50%) van die Gebiedsbestuur mag wees nie;

4.1.2 Die Oordleiers in die gebied met dien verstande dat 'n oorddagbestuur 'n oordbestuurslid kan nomineer om as sekundus op 'n Gebiedsbestuursvergadering sitting te neem op koste van die Gebiedsbestuur in die plek van 'n oordleier vir wie dit onmoontlik is om die betrokke vergadering by te woon;

4.1.3 Die Kommandoleiers waar die gebied nie oorde het nie;

4.1.4 Die Gebiedstaatmakerleier van die Staatmakers waar daar Staatmakers is;

4.1.5 Een (1) gebiedsjeugleier.

Dit is belangrik om verder daarop te let dat die *besluite van die Gebiedsraad is bindend op lede van Die Voortrekkers in die betrokke gebied, vir sover die besluite nie in stryd is met besluite van die hoofdagbestuur,hoofbestuur en die Kongres nie.*
(Sien Die Grondwet, paragraaf 25.1.7 asook Die Reglemente, Hoofstuk 23 par.3.1.2)

Plek: Hartbeesfontein Voortrekkerplaas

Diegene wie van ver reis sal reeds vanaf Vrydag 8 November 2019 op die plaas kan arriveer. Eie etes moet voorsien vir Vrydagaand, want die eerste ete sal op Saterdag 9 November met ontbyt bedien word.

Die name van alle afgevaardigdes (kommando / staatmakergroep / los veldkornetskappe, gebiedsjeugraad en senior verkenners), moet asseblief voor óf op 11 Oktober gestuur word na admin@voortrekkers.transvaal.co.za

Bevestig asseblief voor óf op 11 Oktober jou teenwoordigheid!

Alle kommandodagbestuur verkiesings moet asseblief voor óf op 30 September 2019 afgehandel wees.

Hartlike groete,



Elsa Schnetler
AGL Administrasie
elsies1@afrihost.co.za / admin@voortrekkers.transvaal.co.za
082 707 2010